MEDIA RELEASE
by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)

11 APRIL 2013

Weet linkerhand wat linkerhand doen by Zuma?

"Daar kan geen twyfel wees nie – pres, Jacob Zuma hét eers vir minister Trevor Manual gerepudieer, en daarna laat blyk dat hulle saamstem dat apartheid nie vir swak dienslewering geblameer kan word nie. Heel duidelik het Zuma se adviseurs en toespraakskrywers verbrou, en toe skadebeheer toegepas toe die brouwerk genadeloos deur die publiek gekritiseer is.

"Suid-Afrikaners se vermoë om geleenthede te benut en hard te werk om die ekonomie te laat werk, is erg beledig toe Zuma sy minister belas met die nasionale ontwikkelingsplan, Trevor Manuel, aanvanklik gerepudieer het," sê ds. Theunis Botha, leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP).

"Manuel het korrupsie, wanadministrasie en nepotisme veroordeel, en gesê dié wanpraktyke moenie weggepraat word deur apartheid vir alles te blameer nie. Zuma het dit eers gerepudieer, wat as 'n ernstige terugslag vir die aanspreek van wanpraktyke beskou kan word, maar die volgende dag gat oor kop geslaan.

"Die CDP verskil ook van Manuel dat dit wat nou gebeur op 'n tevredenheid met middelmatigheid dui. Dit wat gebeur is nie middelmatigheid nie, maar dui op die punt waar met enkele uitsonderings die boom van pateties uitgeval het.

"Die land kon Zuma nog nooit as president bekostig het nie, en dit word by die dag duideliker. Dit is tyd dat Zuma en sy kornuite in die pad gesteek word."

Does the left hand know what the left hand is doing when it comes to Zuma?

There can be no ambiguity about this – Pres. Jacob Zuma first repudiate minister Trevor Manuel, and afterwards said they agreed that apartheid cannot be blamed for the lack of service delivery. It would appear that his advisors and speech writers first blundered and then applied damage control after Zuma's initial speech was publically blasted.

"Zuma insulted South Africans by questioning their ability, through hard work, to make the economy productive, by initially repudiating Trevor Manuel, minister, responsible for the National Development Plan," says Christian Democratic Party (CDP) leader, Rev. Theunis Botha.

"Manuel slammed corruption, maladministration and nepotism, and said these could not be brushed aside by blaming apartheid. Zuma seriously repudiated this, which could be regarded as a serious setback for addressing such malpractices.

"He later however did a backward summersault by indicating that they actually were in agreement.

"The CDP does not agree with Manuel when he describes what is taking place presently as an acceptance of 'average performance'. What is actually taking place now reflects, with a few exceptions, a totally pathetic situation.

"The country has never been able to afford Zuma as president. This has now once again been confirmed and it is time for Zuma and his cronies to go."